

CHEMPAC FRUIT FLY LURE

Reg. No. L4702 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L4702 Wet Nr. 36 van 1947

Contains a pheromone designed to attract male Fruit Flies to a monitoring trap.

Bevat 'n feromon ontwerp om manlike Vrugtevlieë na 'n moniteringslokval aan te lok.

ACTIVE INGREDIENT:
Trimedlure - 1 gram / lure

AKTIEWE BESTANDDEEL:
Trimedlure – 1 gram / kapsule

Registered by:

Geregistreer deur:

CHEMPAC (Pty) Ltd. Reg. No 2002/007885/07
P O Box 516, Suider Paarl 7624
Tel.No. (021) 874 1055

CHEMPAC (Edms) Bpk. Reg. Nr 2002/007885/07
Posbus 516, Suider-Paarl 7624
Tel.Nr (021) 874 1055

WAARSKUWINGS :

1. Stoor onder koel omstandighede verkiekslik in 'n koelkas. Moet nie vries nie.
2. Stoor weg van voedsel en voer.
3. Hou buite bereik van kinders en diere.
4. Alhoewel hierdie lokmiddel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS :

1. Vernietig leë verpakking en moet nie vir enige doel hergebruik nie.
2. Vernietig lokmiddel na gebruik.

GEBRUIKSAANWYSINGS :

Gebruik alleenlik soos aangedui. Die Chempac Fruit Fly Lure is ontwerp vir gebruik in 'n Chempac Yellow Delta Trap saam met 'n Chempac Sticky Pad, (montering instruksies vir lokvalle word in die lokvalverpakking ingesluit) vir die monitering van Vrugtevlieg in kernvrugte, steenvrugte en wingerd. Die stelsel kan onafhanklik of saam met die Kodlingmot-lokvalle wat reeds in die boord is, gebruik word. In so 'n geval word die Fruit Fly Lure in dieselfde lokval as die Chempac Codlingmoth lure geplaas.

Die moniteringstelsel word gebruik om infestasie-bronne te identifiseer, en om akkurate beplanning en tydsberekening van beheermaatreëls uit te voer. Hierdie inligting lei tot meer ekonomiese en effektiewe beheer van Vrugtevlieg.

Plasing van die lokmiddel:

Plaas lokmiddel in die middel van die Sticky Pad wat die bodem van die lokval bedek.

Plasing van lokval in die boord of wingerd:

Beplan die plasing van die lokvalle met behulp van 'n lugfoto of kaart van die gebied wat gemoniteer moet word. Deel die area op in dele van ongeveer 2 hektaar blokke. Twee hektaar univorme boord of wingerd moet beskou word as die grootste eenheid wat deur een val gemoniteer kan word. Indien blokke nie ekologies uniform is ten opsigte van topografie, windskerms, grootte en digtheid van bome of druwestokke, kultivar samestelling en nabijheid van moontlike bronre van infestasie nie, moet kleiner areas per val gemoniteer word. In die algemeen moet valle nie veder as 150 meter van mekaar geplaas word nie.

In 'n plat uniforme boord of wingerd moet die lokval ongeveer in die middel van die gebied wat deur die betrokke lokval gedek word hang, maar moet so geplaas word dat vrye verspreiding van die lokmiddel (feromon) oor die hele vangsgebied kan plaasvind. Die feromon is swaarder as lug en in 'n boord of wingerd met 'n helling moet die lokval dus 2/3 op teen die helling gehang word.

Meer lokvalle mag nodig wees indien faktore soos helling, grootte en vorm van die blok asook heersende windrigting in aanmerking geneem word. Algemeen gesproke mag lokvalle nooit meer as 150 meter van mekaar gehang word nie. Met hierdie beplanning kan u landbouchemikalië verteenwoordiger u behulpsaam wees.

Met elke lokval word 'n merker verskaf om die ry waarin die lokval hang te identifiseer.

Let Wel: Om vas te stel waar besmetting moontlik kan ophou, kan lokvalle vroeg in die seisoen naby potensiële besmettingsbronre soos huistuine, lukware, koejawels, of enige ander gewas wat moontlik Vrugtevlieg sal aanlok, gehang word.